# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (35/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 31 Augustus 2018

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity
Proudly sponsored by Standard Bank

***"If your goal is anything but profitability – if it's to be big, or to grow fast, or to become a technology leader – you'll hit problems" Michael Porter.***

## 'n 5-PUNT LOGISTIEKE PLAN GEKOPPEL AAN DIE NOORDELIKE STREKE SE GROEI IN UITVOERE

Bo en behalwe alles het die 2018 seisoen gewys dat daar baie gedink moet word om die groei in uitvoervolume van die noordelike streke logisties te bestuur - anders gaan daar ernstige probleme wees. Die groei in produksie vanaf 2015 tot 2018 was so groot dat die logistiek en infrastruktuur bo die limiet getoets is. In 2016 het die noordelike streek 56 miljoen kartonne vir uitvoer gepak, in 2017 het dit tot 72 miljoen kartonne vermeerder en in 2018 is die voorspelling 80 miljoen kartonne. Die projeksie toon dat dit binnekort tot 92 miljoen kartonne sal vermeerder. In 2018 was die aanvraag na vragmotors op die hoogste, met gereelde opeenhoping in die hawe en lang rye vragmotors wat die paaie blokkeer en beweging belemmer. Koelstoor kapasiteit in Durban is oorbenut met baie vrugte wat deur gewone stoor-fasiliteite gekanaliseer moes word - net sodat vragmotors afgelaai kon word. Die aanvraag na houers was meer as wat beskikbaar was, veral houers wat vir koue-behandeling verskepings geskik is. Kragpunte by die Durban Houer Terminale was tydens 3 afsonderlike geleenthede te min. Die toename in verskepings na China, wat tans meer as dubbeld as vorige verskepings is, het ook probleme vir DAFF geskep. Die feit is dat as niks radikaals gedoen word nie, hierdie probleme net buite beheer sal raak. Die CGA stel 'n 5-punt-logistieke plan vir die uitvoere van die noordelike streke voor; wat direk daarop gemik is om hierdie probleme te midde van die groeiprojeksies op te los-

1. Ontwikkeling en uitbreiding van koelstoor - infrastruktuur: afgesien van die koelstoor uitbreidingsplanne wat in die Durban hawe op bestaande terreine ontwikkel moet word. 'n Paar nuwe vars uitgedinkte idees word tans in areas soos Hammarsdale, Cato Ridge, en selfs Nelspruit en Komatipoort bespreek - laasgenoemde is gekoppel aan uitvoere van houers vanaf Maputo (met aanvaarding van "preclearance" inspeksies vir Japan, Suid-Korea en China in gedagte).
2. Uitvoere vanaf Maputo hawe: Infrastruktuur-ontwikkeling in die hawe van Maputo het teen 'n radikale tempo ontwikkel, veral by DP World. Verskeie houerlyne het sterk belangstelling getoon om 'n diens te plaas wat gekoppel is aan sitrusuitvoere na die Midde- en Verre Oosterse markte. Die ontwikkeling van koelstoor infrastruktuur op die Maputo-korridor sal van hierdie plan 'n werklikheid maak.
3. Ontwikkeling van spoorvervoer: dit is fundamenteel dat produsente en uitvoerders die posisie van spoorvervoer ernstig in die toekoms opneem. Daar word beraam dat sowat 400 bykomende vragmotor-ritte per week en 8 000 vragmotor-ritte per jaar nodig sal wees om sitrus na hawens in die nabye toekoms te vervoer. Om aan hierdie massiewe aanvraag te voldoen, sal 10 000 houers gepak en van die binneland na die hawens vervoer moet word. In die noorde is daar spoor-aktiwiteite vanaf Musina, Tzaneen, Bela Bela en City Deep waar houers wat gepak is, afgelewer word en per trein na die hawe vervoer word. Wie weet daar kan dalk weer spoor-aktiwiteit langs die Maputo-korridor wees, waar houers wat by die voorgestelde verkoelingsfasiliteit gepak word, na Maputo vervoer kan word.
4. Toenemende konvensionele verskepings: hierdie jaar sal 42 000 houers waarskynlik vanaf Durban verskeep word, op vanaf 'n gemiddelde van 35 000, en met 'n voorspelling van 49 000 houers wat in die toekoms benodig word. Nasionaal is die voorspelling vir die aanvraag van nog 30 000 houers wat benodig sal word om met die toename in uitvoere tred te hou. Eenvoudig gestel, die CGA moedig sterk aan dat heroorweging gegee word aan verskeping van sitrus na Europa, die VK en Rusland, in konvensionele skepe, om aan hierdie aanvraag te voldoen. As 'n vol skip elke week vanaf Durban na Europa, die VK en Rusland gelaai kan word, kan dit moontlik 250 houers neem. In die toekoms kan moontlik twee skepe per week nodig wees. Gegewe die toename in uitvoere na China en indien toelaatbaar, sal dit baie voordelig wees om konvensionele verskeping vanaf Durban na China te implementeer. Konvensionele verskeping sal baie help om die probleme rondom vervoer, houervoorsiening, opeenhoping en kragpuntkapasiteit by die houerterminale op te los.
5. Durban hawe bedrywighede en infrastruktuur: die groei in DAFF "preclearance" inspeksies regverdig 'n mate van ingryping om die "preclearance" inspeksies te help en te verbeter. Watter ingryping is tans nie duidelik nie, maar konsultasie met DAFF, koelstoor fasiliteite, skeepsrederye en TPT sal waarskynlik tot 'n oplossing lei. Dit sal tydens die jaarlikse sitrus koördineringsvergadering bespreek word. Inaggenome al die bogenoemde voorstelle, is daar steeds 'n groot hoeveelheid houers wat vanaf Durban uitgevoer word. Die CGA het 'n strategiese sessie met die TPT op 28 September, waar die probleem rondom DCT opeenhoping en kragpunt kapasiteit bespreek sal word. Nog 'n inisiatief wat in die verlede na gekyk is, maar wat nie gebeur het nie, is die moontlike behoefte om 'n sentrale vragmotorbesprekingsstelsel op te bou en dalk selfs so ver as om 'n vragmotor "staging" area te sentraliseer. Die bestuur van vervoer vanaf pakhuise wat sitrus in Durban by koelstoor fasiliteite lewer, benodig 'n beter benadering om vragmotorvertragings en opeenhoping te verminder.

Hierdie 5-punt plan sal tydens die volgende Sitrusbemarkingsforum aangebied en bespreek word.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 34 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvankilke Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 13.6 m | 15.4 m | 18.2 m | 14.6 m | 16.8 m | 16.8 m | 18.6 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 11.6 m | 12.5 m | 14.8 m | 11.4 m | 13.4 m | 14.7 m | 17 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 14.3 m | 18.2 m | 18.3 m | 17.5 m | 17 m | 20.6 m | 19.9 m | 19 m |
| Nawels | 25.8 m | 20.8 m | 25.9 m | 20.1 m | 24.2 m | 25.7 m | 25.9 m | 21.1 m |
| Valencias | 31.4 m | 36.5 m | 32.8 m | 25.4 m | 21 m | 53.9 m | 51.2 m | 53.8 m |
| Totaal | 96.7 m | 103.4 m | 110 m | 89 m | 92.4 m | 131.7 m | 132.6 m | 123 m |